DIE HOëRSKOOL GRENS
RESOLUSIE TEN OPSIGTE VAN
DIE NUWE SKOLE- EN KREDIETWET

Die Beheerliggaam lê die volgende resolusie voor nl. dat:

Die **Hoërskool Grens** se skoolprogram as volg sal wees:

Akademiese program:

Alle goedgekeurde departementele vakke wat deur die skool aangebied word, vorm deel van ons skoolprogram. Die volgende vakke het 'n addisionele koste:

Verbruikerstudies t.o.v. prakties – R200 per jaar
Toerisme t.o.v. verpligte uitstappies
Tegnologie betaalbaar in gr 8 – R50 per jaar (vir gr 8 en gr 9)

Alle ander vakke word op 'n vrywillige basis aangebied en is onderhewig aan bykomende koste. Skoolfooie sluit nie handboeke, handleidings, huur van voorgeskrewe boeke, skryfboeke of ander skryfbehoeftes in nie.

Buitemuurse program:

Die volgende buitemuurse programme is deel van die skoolprogram:

Rugby	Muurbal	Fietsry
Netbal	Swem	
Tennis	Atletiek	
Hokkie	Krieket	

Hierdie sportsoorte sluit nie toere, hekgelde, sportklere of professionele afrigting in nie. Alle ander sport-/kultuuraktiwiteite word op 'n vrywillige basis aangebied en is onderhewig aan bykomende koste.

FINANSIES

Skoolfooie:

1. Die voorgestelde jaarlikse skoolfooie vir 2019 van **R25 520** word goed-gekeur.
2. Herregistrasie van **alle** leerders moet jaarliks geskied.
3. 'n Bedrag van **R1 000,00** is vooruitbetaalbaar om sodoende kontant gedurende Desember en Januarie, wanneer min skoolfooie ontvang word, beskikbaar te hê. Hierdie bedrag sal jaarliks hersien word.
4. Hierdie bedrag sal deel van die volgende jaar se skoolfooie uitmaak.
5. Indien die leerder vir watter rede ookal, nie die skool sou bywoon nie, sal die bedrag aan die ouer op aanvraag terugbetaal word.

Begroting:

1. Die skoolfooie ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet ("die Skolewet") vasgestel en gehef sal word.
2. Die begroting, soos voorgestel deur die beheerliggaam, goedgekeur word en dit deur die beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat mag ontstaan op begrote bedrae vir bepaalde items, die begroting aan te vul uit oorskotte wat by ander items mag ontstaan. Dit is verder onderworpe daaraan dat die totale begroting nie oorskry word sonder goedkeuring van 'n ouervergadering nie.
3. Die skoolfooie betaalbaar sal wees ooreenkomstig die begroting soos deur die beheerliggaam voorgelê.

Betaling van skoolfooie:

1. Skoolfooie is vooruitbetaalbaar en die volle uitstaande bedrag moet voor of op **28 Februarie 2019** betaal word. Indien die volle bedrag nie voor of op 28 Februarie 2019 betaal is nie en/of ouers geen skriftelike ooreenkoms met die skool onderteken het voor of op 28 Februarie 2019 met betrekking tot die betaling van skoolfooie in gelyke maandelikse paaiemente nie, is die volle bedrag verskuldig en betaalbaar.
2. Indien 'n ouer nie die volle skoolfooie kan betaal nie, moet die skool se finansiële kantoor vooraf skriftelik in kennis gestel word en die skoolfooie moet dan in minstens elf (11) gelyke paaiemente verdeel word. (Januarie tot November) Hierdie bedrag is voor die 7de van elke maand ten volle betaalbaar.
3. Die volle uitstaande skoolfooie sal onmiddellik opeisbaar wees en betaalbaar wees indien enige paaiement nie op die vervaldag betaal is nie.
4. By versuim om betaling ooreenkomstig die aanmaning te doen, sal beide ouers aan 'n prokureur oorhandig word ten einde die skuld in te vorder, ongeag onderhouds- en hofbevele wat tussen die partye mag bestaan.
5. Die skool behou ook die reg voor om beide ouers se name as wanbetalers op die kredietburo se rekords te registreer.
6. Skoolfooie wat voor 31 Desember 2018 ten volle betaal word, kwalifiseer vir 'n 10% korting.
7. Skoolfooie wat voor 28 Februarie 2019 ten volle betaal word, kwalifiseer vir 'n 8% korting
8. Rente van 10% per jaar sal op agterstallige bedrae belas word.
9. Alle ouers sal verplig wees om skoolfooie te betaal tensy hulle ooreenkomstig die bepalings van die Skolewet, enige toepaslike regulasies en hierdie besluit van sodanige betaling vrygestel is.

Kredietbesonderhede:

1. Die skool mag besonderhede oor hoe die ouer/s/voogde hulle verpligtinge ten opsigte van die betaling van skoolfooie nagekom het, oordra en sodanige inligting met ander skole en kredietinstansies deel vir die doel van besluitneming rakende krediet risikobestuur.

<u>Vrystelling/verlaging van skoolfooie</u>:

1. Die skool aanvaar en implementeer die vrystellingsregulasie soos dit in Oktober 2006 afgekondig is.
2. Ouers wat aanvoer dat hulle nie in staat is om skoolfooie te betaal nie en daarom op algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolfooie aanspraak maak, volgens artikel 39(4) van die Skolewet, by die beheerliggaam om sodanige vrystelling aansoek moet doen.
3. Die applikant die beheerliggaam op oorwig van waarskynlikhede **skriftelik** moet oortuig dat hy/sy op enige sodanige vrystelling geregtig is.
4. Die applikant se aansoek:
    a. Skriftelik moet geskied **op die voorgeskrewe** vorm soos dit in die regulasies voorgeskryf is.
    b. Die applikant en enige ander persoon/persone wat kwalifiseer as ouers van die betrokke leerder/s, soos in die SA Skolewet gedefinieer is **en enige ander verdiener in die huishouding se totale jaarlikse en maandelikse bruto inkomste en uitgawes** moet uiteensit met dokumente ter stawing.
    c. Die bates (teen markwaarde) en laste vir die applikant met dokumente ter stawing waar moontlik, moet uiteensit.
    d. Die gesinsamestelling van die applikant moet uiteensit.
    e. Moet aandui of daar om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolfooie aansoek gedoen word.
    f. Elke moontlike relevante feit wat die applikant ter ondersteuning van die aansoek wil aanvoer, moet bevat.
5. Die beheerligaam geregtig sal wees om sodanige inligting as wat na die oordeel van die beheerliggaam nodig is vir die regverdige en billike beoordeling van ‘n aansoek om vrystelling van betaling van skoolfooie, aan te vra of in te samel.
6. Geen aansoek om vrystelling wat nie aan die voorskrifte van hierdie besluit voldoen nie, oorweeg sal word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat die nie-nakoming van die prosedure regverdig.
7. Die beheerligaam geregtig sal wees om die bevoegdheid om ‘n aansoek om vrystelling soos hierbo bedoel, te ontvang, te oorweeg en daaroor uitsluitsel te gee of aan ‘n komitee van die beheerligaam te delegeer.
8. ‘n Applikant wat hom/haar verontreg voel deur ‘n beslissing van ‘n komitee van die beheerliggaam soos in paragraaf 7 bedoel, geregtig sal wees **om binne sewe** dae na ontvangs van die uitslag van sy/haar aansoek, skriftelik na die beheerliggaam daarteen te appelleer. Die appèl sal nie deur die beheerligaam van die hand gewys word sonder dat die applikant geleentheid gebied is om mondelings aangehoor te word nie.

9. Behoudens die reg van ‘n applikant om na die Departementshoof van Onderwys te appelleer soos in artikel 40(2) van die Skolewet bedoel, die beslissing van die beheerliggaam finaal is.
10. Die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die beheerliggaam sal beoordeel of vrystelling in enige opsig verleen sal word al dan nie, is of die applikant voldoen aan die kriteria vir vrystelling soos uiteengesit in die Skolewet en enige toepaslike regulasies daarkragtens uitgevaardig.
11. Hierdie besluit nie die ouer of die skool die reg ontneem om ‘n ooreenkoms aan te gaan om die skoolfooie te betaal op ‘n ander wyse as dié voorgeskryf deur hierdie besluit nie.
12. Die beheerligaam geregtig sal wees om sodanige voorwaarde, as wat redelik geag word, vir vrystelling aan ‘n applikant te stel.

Taal:

Die skool se vorms en korrespondensie in slegs een amptelike taal naamlik **Afrikaans** beskikbaar sal wees**.**

.....
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

.....
DATUM